AGRICO SPILPUNTBEHEERSTELLE

Die **AGRICO** RAIN (*Reliable Automatic IrrigatioN*) reeks van spilpunt en liniêre beheerstelle dek die volle spektrum van vereistes. In die vervaardiging van die reeks word slegs onderdele en materiaal van die hoogste gehalte gebruik:

- Sluitbare vlekvrye staal kas met roesvrye slot;
- Hoë gehalte skakeltuig van bekende, betroubare vervaardigers en standaard 230 V beheerspannning – dus landwyd vryelik beskikbaar;
- Hoë gehalte, 45 kA per fase weerligafleiding is standaard ingebou;
- Geen sekeringe word gebruik nie, slegs stroombrekers. Die hoof breker is 'n drie fase motor stroombreker wat die stroom sal breek na aanleiding van kortsluiting of 'n volgehoue oorbelasting;
- Elektro-meganiese persentasieskakelaar (behalwe op die GEVORDERDE RAIN);
- Alle statusliggies is 100 000 uur LED-tipe.

Alle modelle in die reeks verrig die volgende funksies:

- Die masjien gaan staan onmiddellik sou dit uit lyn loop of wanneer die noodstop gedruk word – daar is geen 5 tot 10 sekonde vertraging nie;
- Die masjien kan loop of staan volgens waterdruk by die paneel;
- 'n Pomp kan outomaties aan en afgeskakel word (vereis kabel vanaf spilpunt terug na pomp);
- Die masjien kan ingestel word om outomaties weer te begin loop na 'n kragonderbreking.

BASIESE RAIN

Die BASIESE RAIN beheerstel is 'n volledig elektro-meganiese stelsel met indikator liggies wat aandui of die dit krag het, of die masjien in lyn is, of dit loop of nie, en of die laaste toring loop of nie.

Die masjien se beweging kan aan en afgeskakel word, die rigting kan gekies word, en die metode van operasie kan gekies word:

- Droog: Die masjien sal loop solank dit elektrisiteit het, gestel is om te loop, en in lyn is. Die paneel sal nie die pomp aanskakel of klep oopmaak nie.
- Nat: Die masjien sal loop solank dit elektrisiteit het, gestel is om te loop, in lyn is en druk het. Die paneel sal die pomp laat loop of klep oophou solank as wat die spilpunt loop. Die masjien sal ophou loop wanneer die druk wegval, en sal ophou om die pomp te laat loop of die klep oop te maak.
- Nat, sit pomp aan: Die masjien sal loop solank dit elektrisiteit het, gestel is om te loop, in lyn is en druk het. Die paneel sal die pomp laat loop of klep oophou solank die masjien elektrisiteit het, gestel is om te loop, en in lyn is. Die masjien sal ophou loop wanneer die druk wegval, en sal aanhou om die pomp te laat loop of klep oop te maak.

PREMIUM RAIN

Die PREMIUM RAIN is ook, soos sy basiese eweknie, 'n volledig elektro-meganiese beheerstel, met die bykomende vermoë om outomaties tot stilstand te kom of om te draai op spesifieke punte. Die punte word ingestel met nokke wat mikro skakelaars aktiveer.

GEVORDERDE RAIN

Die GEVORDERDE RAIN is 'n programmeerbare elektroniese beheerstel. Dit meet die posisie van die spilpunt binne 1˚, en maak dit moontlik dat 'n spilpunt geprogrammeer word om byvoorbeeld elke Woensdag om 04:00 die pomp aan te skakel, te begin loop wanneer die waterdruk 'n sekere drempel oorskry, op 50˚die spoed te verstel sodat 20 mm water neergesit word, en op 180˚ op te hou loop.

NAVRAE: Roland Andrag 083 414 5418 ☎021 950 4268 7260 🖷 021 919 4186 roland.andrag@agrico.co.za

VERKOPE EN DIENS MET TAKKE OOR DIE LAND:

• Bellville • Bethlehem • Bloemfontein • Bothaville • Caledon • Ceres • Cradock •
• Estcourt • George • Hartswater • Humansdorp • Kakamas • Kimberley • Kroonstad •
• Lichtenburg • Malmesbury • Moorreesburg • Nelspruit • Nigel • Nylstroom •
• Pietermaritzburg • Piketberg • Rawsonville • Tzaneen • Upington • Ventersdorp • Vredendal •

AGRICO

Meer as 100 jaar van diens!
More than 100 years' service!